

SAMESPRAKE

IN

Afrikaans en Engels,

MET

INLEIDING,

SAME MET

'N Lys fan Woorde

Uitdrukki ings,

Vir di gebruik fan Afrikaners
wat wil Engels leer, en
Engelse wat wil Afrikaans
leer.

DEUR

OOM WILLEM. UNCLE WILLIAM.

NOMMER 3.

DIALOGUES

IN

African and English.

WITH

INTRODUCTION,

TOGETHER WITH

A List of Words

AND

Expression

For the use of Afrikaners, who
desire to learn English, and
Englishmen, who desire to
learn African.

BY

NUMBER 3.

FOORWOORD.

Di gunstige ontvangs fan di Eerste en Twede Deeltjiis fan myn "Samesprake in Afrikaans en Engels" het fir my angemoeëdig om op fersoek fan di Drukkers en Uitgewers, Meneer D. F. du Toit en Co., 'n Derde Deeltji te skrywe. As ek mag jammer wees fer wat ek ni kan help ni, dan is ek jammer, dat ek myn frinde meer as 'n jaar het moet laat wag op di kopi. Myn feelfuldige pligte is di beste ekskuus fer di lange fersuim.

Di derde Deeltji siin nou di lig; en as oek hiirdi boeki 'n hulp mag wees om ons Afrikaners Engels te help leer, en ons Engelse frinde om Afrikaans te help leer, sal dit 'n grote blydschap wees fir

OOM WILLEM.

Alexandersfontyn,
Diamantfelde,
29 Augustus, 1890.

N.B.—Daar is noodsakelikerwys nog feul onsekerheid omtrent di spelling; ons ferlang na 'n Taal Kongres.

PREFACE.

The favorable reception of the First and Second little Volumes of my "Dialogues in African and English" has been an encouragement to me to write—at the request of the Printers and Publishers, Messrs. D. F. du Toit & Co.—a Third little Volume. If I may be sorry for what I cannot help, then I am sorry, that I had to let my friends wait for copy for more than a year. My many duties are the best excuse for the long delay.

The Third little Volume appears now, and if this little book may be a help to our Africans to learn English, and to our English friends to learn African it will be a great joy to

UNCLE WILLIAM.

Alexanderfontain,
Diamondfields,
29th August, 1890.

N.B.—There is of necessity still much uncertainty about the spelling; we long for a Literary Congress.



DERDE DEEL.

1ste SAMESPRAAK.

Kan jy dit doen?

Ek weet ni of ek dit kan doen ni.

Misskiin kan sy dit doen.

Ek sal bly wees as ek iemand kan kry, wat dit kan doen.

As sy dit ni kan doen ni, dan kan hulle dit mar doen.

Dit kan my ni skeel wi dit doen ni, so lank as dit mar gedoen word.

Het jy dit al ooit gedoen?

Ja, dikwils.

Ons kan dit doen, mar waar is di tyd?

Jy doen dit ni goed ni.

Kan jy dit dan ni beter doen ni?

Ek sal dit self doen.

Wanneer sal jy dit doen?

Ek sal dit nou doen.

Kan jy dit ni eerder gedoen hê ni?

Né, want ek het 'n hele party ander dinge te doen gehad.

Gaan jy dit nou doen?

Né, nog ni; jy moet nog 'n bitji geduld hê.

As jy dit kan doen, doen dit spoedig.

Ek kan ni belowe om dit te doen ni.

Dit moet gedoen worde!

Heel goed; dit sal gedoen worde.

Ek is tefrede.

1st DIALOGUE.

Can you do this (it)?

I don't know whether I can do it.

Perhaps she can do it.

I will be glad if I can find somebody who can do it.

When she cannot do it, then they can (but) do it.

I don't care who does it, so long as it is done.

Have you ever done it?

Yes, often.

We can do it, but where is the time?

You don't do it well.

Can you not do it better?

I will do it myself.

When will you do it?

I will do it now.

Could you not have done it sooner (before)?

No, for I had a good many other things to do.

Are you going to do it now?

No, not yet; you must have a little patience.

If you can do it, do it soon (quickly).

I cannot promise to do it.

It must be done.

Very well; it will be done.

I am satisfied.

2de SAMESPRAAK.

Makeer daar iets an jou gehoor?

Ja, ek is 'n b't'i doof.

Kan jy hoor as ek praat?

Ni heel goed ni.

Moet ek baing hard praat?

Né, ni hard ni. mar duidelik en lanksaam.

Nou kan ek goed hoor wat jy sê.

Myn gehoor is ni altyd eenders ni.

Somtyds ferbeel ek fir my ek is glad ni doof ni; en dan weer is ek hard doof.

Genoeg hiirfan.

Het jy binne kort fan jou fader gehoor?

Gister het ek 'n briif fan hom ontfang.

Het ek ni gehoor ni, dat jou moeder so sleg siik is?

Ni meer nou ni; sy is heeltemaal beter.

Ek is bly om dit te hoor.

Wanneer sal jy weer fan jou mense hoor?

Ek kry al weke tydigs.

Het jy oek al gehoor, dat broer Fani binne kort uit Europa sal terug kom?

Ja, hulle sê dat jou broer Dani 'n kabelgram daaromtrent ontfang het; is dit so?

Ja, dit is seker; daar is gen twyfel an ni.

2nd DIALOGUE.

Is there something the matter with your hearing?

Yes, I am a little deaf.

Can you hear when I speak?

Not very well.

Must I talk very loudly?

No, not loudly, but distinctly and slowly.

I can now well hear what you say.

My hearing is not always the same.

Sometimes I imagine I can not hear at all; and then again I am very deaf.

Enough of this.

Have you recently heard of your father?

Yesterday I received a letter from him.

Did I not hear that your mother is so very sick?

No more now; she is altogether better.

I am glad to hear that.

When will you hear again from your people?

I get tidings every week.

Have you also heard that brother Stephen will return from Europe shortly?

Yes, they say that your brother Dan has received a cablegram to that effect; is it so?

Yes, it is certain; there is no doubt about that.

3de SAMESPRAAK.

Betti, Betti, waar is jy ?
 Hiir ma ! in di foorkamer.
 Het jy werk daar, myn kind ?
 Ek stof af, ma !
 Laat dit mar 'n bitji staan, myn kind ; roep fir Karel.
 Ma, ek weet ni waar hy is ni.
 Ek denk hy is in di wingerd.
 Ma, daar kom hy al.
 Sê hy moet hiir kom.
 Het ma fir my nodig ?
 Ja, Karel ! jy moet fir my 'n boodskap doen.
 Watter boodskap ma ?
 Myn seun, jy moet dorp toe gaan en di briif op di pos set.
 Het ma fir pa geskrywe ?
 Ja, myn kind ; jy moet di briif laat registreer ; jy weet daar is papire fan waarde in.
 Watter pêrd kan ek neem, ma ?
 Ek denk jy moet fir Napoleon neem ; mar wees fersigtig ; jy weet hy is skrikkerig.
 Is daar iits meer in di dorp te doen, ma ?
 Jy kan by oom Albert angaan, en hoor hoe hulle nog faar.
 Niks meer ni, moeder ?
 Niks meer ni, myn seun.
 Goeien dag, moeder ! goeien dag, almal !
 Arri ! hoe loop so'n pêrd ; hy is net nou in di dorp.

3rd DIALOGUE.

Bessy, Bessy, where are you ?
 Here, ma ! in the parlour.
 Have you work there, my child ?
 I am dusting, ma !
 Leave it alone for a moment, my child ; call Charles.
 Ma, I don't know where he is.
 I think he is in the vineyard.
 Ma, there he comes already.
 Tell him he must come here.
 Do you want me, ma ?
 Yes, Charles ! you must do a message for me.
 What message, ma ?
 My son, you must go to the village and post this letter.
 Has ma written to pa ?
 Yes, my child ; you must have the letter registered ; you know it contains valuable papers.
 Which horse can I take, ma ?
 I think you must take Napoleon ; but be careful, you know he shies.
 Is there anything more to be done in the village, mother ?
 You can call at uncle Albert, and hear how they all are.
 Nothing more, mother ?
 Nothing more, my son.
 Good day, mother ! good day all !
 By Jove ! how that horse runs ; he is in the village just now.

4de SAMESPRAAK.

4th DIALOGUE.

Imand klop an di deur. Kyk wi dit is.

Meneer, dis meneer syn broer.

Sê hy moet binne kom.

Meneer, di baas sê meneer moet binne kom.

Het jou meneer dan teruggekom?

Ja, meneer, hy het foór di mid-dag tuis gekom.

(Di twe broers in di foorkamer.)

Hoe gaan dit?

O, heel goed; en hoe het dit met jou op jou rys gegaan?

Ek kan ni grotelijks kla ni; mar dit was bitter koud daar onder (in di onderfeld.)

Wanneer is jy fan Johannes-burg?

Ek is di 12de daarfandaan weg.

En hoe lyk di sake daar onder?

Ni so sleg as ek ferweg had ni; mar daarom sleg genoeg.

Denk jy ons sal baing skade ly?

Ek het ni so'n grote frees daar-foor ni; één ding is seker, as ons direkteure so goed was as ons ygen-domme, dan was di hele wereld reg.

Onderfinding sal ons daarom wys maak.

Ek ferseker jou dis 'n dure leer-meester.

Ek hoop alles sal reg kom.

Somebody knocks at the door. Look who it is.

Sir, it is your brother.

Tell him to come in.

Sir, the master says you must, please, come in.

Has your master come back?

Yes, sir, he came home in the forenoon.

(The two brothers in the parlour.)

(How goes it?) How do you do?

O, very well; and how has it fare with you on your journey?

I cannot greatly complain; but it has been bitterly cold in the up country.

When came you from Johannes-burg?

I came away from there on the 12th.

And how do things look down there?

Not so bad as I expected; but bad enough though.

Do you think we will suffer great losses?

I do not entertain great fear about that, one thing is certain, if our directors were as good as our properties then everything would be right.

Experience wil make us wise though.

I assure you it is an expensive teacher.

I hope everything will come right.

5de SAMESPRAAK.

Het jy vandag iets ferkoop ?

Ni feul ni ; daar is geen lêwe in di mark ni.

As dit so moet angaan, dan weet ek ni waar dit na toe gaan ni.

Jy weet dit net so goed as ek : na di Meester fan di Hoge Gereghshof.

Dit lyk daar bra na.

Mar weet jy ni wat is 'n grote fertoosting ? Slegte tye duur ni altyd ni ; daar is a'tyd 'n afwisse-ling ; vandag kan 'n man niks maak ni ; en morre is 'n grote ferandering.

Weet jy ni, 'n paar jare gelede, het di wynboer dit net opdra'end gehal ; daar was geen mark fir syn wyn ni ; en hoe is dit vandag ? Goeie pryse fir wyn en brandewyn ; di korenboer kryg oek weer billike pryse fir syn produkte ; en so sal dit gaan met di andeel mark ; vandag is daar niks te doen ni ; dog het mar 'n wynig geduld ; dan sal jy siin, hoe groot di ferandering sal wees ; en mense wat nou gebinde leg an hande en voete, kom weer op di bene.

Hoe eerder hoe liwer.

5th DIALOGUE.

Have you sold anything to day ?

Not much ; there is no life in the market.

If this has to continue, then I don't know where it will go to (end).

You know it as well as myself : to the Master of the Supreme Court.

It looks very much like it.

But don't you know what is a great consolation ? Bad times never continue ; there is always a change ; to-day a man can do nothing (transact no business) ; to-morrow there is a great change.

Don't you know, a couple of years ago, the wine farmers had a hard time of it ; there was no market for his wine ; and how is it to-day ? Good prices for wine and brandy ; the corn farmer (grower) also gets reasonable prices for his produce ; and so it will be with the share market ; to-day there is nothing doing ; but only have a little patience ; then you will see, how the change will be ; and people who are now bound hand and foot will come on their legs again.

The sooner the better.

6de SAMESPRAAK.

Myn klyne dogter, bring fir my 'n dosi fuurhentjiis.

Pa, kan pa fir my sê, waar ek dit kan kry ?

Ja, myn kind, in di eetkamer op di skoorsteen mantel.

6th DIALOGUE.

My little daughter, bring me a box of matches.

Pa, can you tell me where I can find it ?

Yes, my child, in the dining room on the mantelpiece.

Pa, hiir is dit al.

Goed, myn kind.

En kan ek nog iits fir pa doen ?

Ja, myn hartji ; nou kan jy myn stewels na di kombuis breng en sê fir Jan hy moet hulle skoon maak.

Mag ek oek nou iits fir pa fra ?

Seker, myn kind ! Wat kan pa fir jou doen ?

Pa, weet mos, ma ferjaar o'er-morre ; ek wil graag fir ma 'n fir-jaarspersent gé.

En wat nog al, myn kind ?

'n Mooie Bybel, pa !

En hoeleul geld sal jy nodig hê, Sanni ?

Ek was gister in di boekwinkel, en Mr. D. sê so'n Bybel as ek fir ma wil gé, sal agtiin silings kos.

Nou ja, myn kind, ek sal fir jou 'n "Goed voor" gé ; jy kan di Bybel gaan haal, en gé dit fir jou moeder.

Danki, pa !

Pa, here it is already.

Well done, my child !

And can I do something more for you ?

Yes, my darling ! now you can bring my boots to the kitchen, and tell John to clean them.

May I now ask something from you, pa ?

Certainly, my child ! What can pa do for you ?

You know, no doubt, the day after to-morrow is ma's birth-day ; I would like to give her a birth-day present.

And what may that be my child ?

A nice Bible, pa !

And how much money do you want, Susan ?

I was in the book shop yesterday, and Mr. D. told me such a Bible as I want will cost eighteen shillings.

Very well, my child, I will give you a "Good for;" you can fetch the Bible and give it to your mother.

Thank you, father.

7de SAMESPRAAK.

7th DIALOGUE.

Wil jy so goed wees om fir my di boek daar te gé ?

Watter één ? Di één ?

Né, fan di tweede stapel di derde boek fan bowe.

Is dit 'n geskiedenis-boek ?

Ja, dit befat di geskiedenis fan Europa.

Mag ek fer jou 'n klyne raad gé ?

Will you be so kind as to give me that book there ?

Which one ? This one ?

No, from the second pile, the third book from the top.

Is that a historical book ?

Yes, it contains the history of Europe.

May I give you a little bit of advice ?

Waarom ni? Gaan an!

As jy 'n geskiedenis lees, skrywe neer di persone, di datums, en di plase, en as jy an di end fan 'n hoofstuk kom kyk op jou papiir en vraag: wat is met di persone gebeur? wat is op di plek gebeur? wat is op di datum gebeur?

Jy sal uitfinde dat dit 'n grote hulp is.

Ni 'n slegte plan ni.

Hou jy feul fan geskiedenis?

Ni bisoner feul ni.

Ek moet dit leer, en daarom doen ek dit; mar dis ni myn keus ni.

Ek find meer behage in di aardkunde, en aardrykskunde. en dergelike wetenskappe.

Sommige mense het te feul tyd; hulle het tydferdryf nodig; hulle tyd is te lang; maar ek kom altyd kort; ek wees hulle kan fir my hulle tyd gé.

8ste SAMESPRAAK.

Wat ek gé, mag jy neem; en dit ni alleen ni; mar jy sal wel doen, as jy neem wat ek gé; ek sal niks fir jou gé ni as wat goed en nuttig is.

Ek het jou liif; en daarom wat ek gé, gé ek met 'n goeie hart; en met di beste mening; as myn raad folg, sal jy uitfinde, en nimand jou 'n beter raad kat gé ni; en jy sal daarvoor dankbaar wees so lang as jy léwe.

Ek is ni onwillig om te neem, wat jy fir my gé ni; ek weet dat al wat jy fir my gé goed en nuttig

Why not? Go on!

When you read a history take down the persons, the dates and the places, and when you come to the end of a chapter look on your paper and ask: what happened with these persons? what happened in these places? what happened on such a date?

You will find it is a great help. Not a bad plan.

Are you fond of history?

Not particularly so.

I must study it, and therefore I do it; but it is not my choice.

I find more pleasure in geology, in geography, and such like sciences.

Some people have too much time; they need pastime; their time is too long; but I always run short; I wish they could give me their time.

8th DIALOGUE.

What I give, you may take; and not only that, but you will do well if you take what I give; I will give nothing to you but what is good and useful.

I love you; and therefore whatever I give I give with a good heart; and with the best intention; if you follow my advice, you will find out that no one could give you better advice; and you will be thankful for it as long as you live.

I am not unwilling to take what you give me; I know that all you give to me is good and useful; I

is; ek glo dat jy fir my lief het, en wat jy gé, gé jy met 'n goeie hart; ek sal jou raad nou weer aanneem, so as ek dit te fôe gedoen het; ek het al onderfinding gehad, hoe hylsaam jou raad is; en daarom neem ek di met alle dank an.

As jy iits nodig het kan jy na my toe kom.

Ek seg jou hartelik dank fir jou frindelikhyd.

Ek waardeer jou raad.

believe you love me, and whatever you give me you give with a good heart; I will take your advice, even as I have done before; I have had experience already how beneficial your advice is; and therefore I accept it thankfully.

If you want anything you can come to me.

I thank you heartily for your kindness.

I value your advice.

9de SAMESPRAAK.

Ek kan jou (di) gekrap onmolik ni lees ni; hoe kom skrywe jy so sleg?

Denk jy regtig, dat dit so sleg is?

Mar seker, daar is amper ni één goeie letter op di hel: blad ni; jy behoort jou wat te skaam!

En wat sal jy sê as ek dit gaan netjiis o'erskrywe?

Dan sal ek heeltetal tefrede wees.

Dis moeilik om mooie letters te maak met 'n slegte pen.

Waar genoeg, maar jy wil tog ni sê dat jy ni beter penne kan kry ni. Hiir is 'n stuk of wat, wat ek seker weet, dat dit goed is.

Danki; ek sal nou myn bes doen om netter letters te maak.

Ek hoop jy sal ten minste so skrywe, dat jy dit self kan lees.

Het jy nog feul te skrywe?

Wat ek te skrywe het sal fir my ontrent twé ure neem.

Wanneer kan jy begin?

9th DIALOGUE.

I cannot possibly read your (that) scribble; how is it you write so badly?

Do you really think it is so bad?

To be sure, there is scarcely one good letter in the whole sheet; you ought to be ashamed of yourself!

And what will you say if I go and transcribe it neatly?

I will then be altogether pleased.

It is difficult to make fine letters with a bad pen.

True enough, but you don't mean to say that you cannot get better pens. Here are a few, I know for certain they are good.

Thank you; I will do my best now to make fine letters.

I hope you will write at least so that you can read it yourself.

Have you much to write?

What I have to write will take me about two hours.

When will you commence?

Net nou; ek het na di winkel gestuur om ink te koop. Daar kom di jong al an.

At once (just now). I have sent to the shop to buy ink; the boy is coming already.

Kan jy dit lees?

Can you read this?

Wi het dit geskrywe?

Who wrote it?

Raai!

Guess!

Tog ni jy ni?

Surely not you?

Wi dan? Wi anders?

Who then? Who else?

10de SAMESPAAK.

10th DIALOGUE.

Kan jy siin?

Can you see?

Ek kan siin.

I can see.

Kan jy goed siin op 'n distansi?

Can you see well at a distance?

Ek kan baie goed siin.

I can see very well.

Kan jy beter siin as jou broer?

Can you see better than your brother?

Watter broer? ek het fyf.

Which brother? I have five.

Ek meen jou oudste broer.

I mean your eldest brother.

Hy kan ni goed siin ni; fan syn tiinde jaar af het hy al jare seer oge gehad; syn oge is regte swak.

He cannot see very well; from his tenth year he has had sore eyes every year; his eyes are very weak.

Né, weet jy wi goeie oge het? Frederik het 'n paar oge in syn kop so goed as di beste.

No, do you know who has good eyes? Frederik has a pair of eyes in his head as good as anyone (as good as the best).

Kan jy beter siin as ek?

Can you see better than I?

Dit kan ek ni sê ni.

I cannot say that.

Siin jy daar in di hang fan di berg di bruin pèrd wy?

Do you see there on the slope of the mountain that brown horse grazing?

Waar?

Where?

Op linkerhand fan di voetpad.

To the left of the footpath.

Jy kyk te hoog, kerel!

You look to high, man.

Wag, daar kom Fredrik.

Wait, there comes Frederick.

Fredrik, kan jy op linkerhand fan di voetpad in di berg 'n pèrd siin wy?

Frederick, can you see a horse on the left side of the footpath on the mountain?

Op linkerhand ?

Ja ! wag 'n bitji.

Al te seker ; omtrent 'n twintig tré bo-kant di grote platte klip, en omtrent 'n dertig tré onderkant di groene bos ; hy staan nou met di kop na di voetpad syn kant.

Dis reg !

Ek het fir jou gesê Fredrik het 'n paar goeie ege.

Ek kan dit siin.

To the left ?

Yes ! wait a bit.

To be sure ; about twenty paces above that great rock, and about thirty paces below the green bush ; he points now with his head towards the footpath.

That's right.

I told you Frederick has a pair of good eyes.

I can see it.

11de SAMESPRAAK.

Adam het in dese wereld 930 jare geleê.

So oud sal ek nooit worde ni

Dit glo ek oek ni.

Hoe oud is jy nou ?

Een-en-twintig jare.

Het jy 'n moeilike lêwe gehad ?

Ek kan ni groteliks kla ni

Sommige mense lêwe sleg in di wêreld ; hulle lêwe of daar gen God is, wat alles hoor en siin ni ; en net as of daar gen ferantwoordelikhed is ni ; sonder wet of gebod, sonder Evangeli, sonder konsensi, sonter beginsels fan reg en billikhyd. Wat sal di end wees ?

'n Mers moet syn lêwe sii in di lig fan di ewighyd, in di lig fan God syn hylighyd.

Wat jy sê denk ek is reg. Al te feul mense fersmoor hull geweters (konsensi) en ferw rp Gristus, di Soon en di Lam fan God.

So seker as ons lêwe in wat ons di tyd noem, so seker sal ons in di ewighyd lêwe.

11th DIALOGUE.

Adam lived in this world 930 years.

I will never grow so old.

I do not believe that either.

How old are you now ?

Twenty one-years.

Have you had a hard life of it ?

I cannot greatly complain.

Some people live badly in the world ; they live as if there was no God, who hears and sees everything ; and as if there is no responsibility ; without law, without Gospel, without conscience, without principles of justice and equity. What will be the end ?

Man ought to see his life in the light of eternity, in the light of God's holiness.

What you say I think is right. By far too many people smother their consciences and reject Christ, the Son and the Lamb of God.

As sure as we live in what we call time, so sure shall we live in eternity.

'n Mens maak versinings fir di andere dag, fir di andere week, fir di andere maand, fir di andere jaar, fir 'n kwaje dag; behoer dan 'n redelike skepsel geen versining te maak fir di ewigtyd ni?

Sorgeloosheid, onferskilligheid, dwaasheid, het menigmen ongelukkig gemaak deur d'tyd en sal hom ongelukkig maak fir di ewigheid.

Ek is fan diselfde opini. Ek stem met jou s'me.

A man makes provision for the next day, for the next week, for the next month, for the next year, for a rainy day; ought not a reasonable being to make provision then for eternity?

Carelessness, indifference, foolishness have made many a man unhappy for time, and will make him unhappy for eternity.

I am of the same opinion. I agree with you.

12de SAMESPRAAK.

12th DIALOGUE.

Kan jy maak wat jou oge sien?

Né ek ni; ek is si so knap ni; dit is bo myn kaart.

Wi het di tafel gemaak?

Ek het dit gemaak.

Het jy al veel tafels gemaak?

Dosyne.

Kan jy altoos droge hout kry?

Ek het altoos in voorraad fir 'n paar jaar. Ons kan ni groen hout ferwerk ni.

Ek kan dit goed ferstaan.

Jy sê, jy maak ni alles wat jou oge sien ni; mar jy kan daarom baie dinge maak.

Sekerlik, mar "alles" is 'n grote woord.

Het jy ni partykeer jou gemaakte goed na di tentoonstelling gebreng, en pryse getrek ni?

O ja, ferske male; ek het gen slegte naam as 'n skrynwerker ni; mar ek kan daarom ni alles maak wat myn oge sien ni.

Ek het 'n stuk werk fir jou, kan jy dit fir my maak?

Can you make whatever your eyes see?

Not I; I am not so able; that goes above my horizon.

Who has made this table?

I made it.

Have you made many tables?

Dozens.

Can you always get dry wood?

I have always in store for a couple of years. One cannot work up green wood.

I can well understand it.

You say you don't make all your eyes see; but you make many things though.

Certainly, but "everything" is a big word.

Have you not sometimes brought to the exhibition things made by yourself and drawn price?

Oh yes; several times. I have not a bad name as a cabinetmaker; but for all that I cannot make all things that my eyes see.

I have a piece of work for you. Can you make it for me?

Wat is dit ?

Ek wil jou graag 'n boekrak laat maak ; ek het één mar dis te klyn ; di een wat jy nou moet maak, moet omtrent sewe voet hoog wees en dri voet breed.

Heel goed ! gé fir my di order, en ek sal dit maak so gou as ek tyd het.

What is it ?

I want to let you make a book-stand ; I have one, but it is too small, the one I want you to make must be about seven feet high and three feet broad.

Very well, give me the order, and I will make it as soon as I have time.

13de SAMESPRAAK.

Watter snaakse weer het ons dese winter ; dit lyk mos amper somers weer. 'tót hiir toe het ons nog mar min koue en reen gehad.

Di winter het oek mar pas begin ; jy moet 'n bitji gedu'd hê ; ons kan nog koue en reen genoeg kry.

Dis daarom al Juli ; dis al fan dag di tiinde ; ferlede maand het ons mar min kou en reen gehad ; net in Mymaand het dit na winter gelyk.

Hoe staan di gesaaide in julle buurte ?

Tot nog toe net goed ; jonk nog, mar mooi.

Het julle baing gesaai ?

O ja, heel wat meer as passeerde jaar.

Het julle 'n goeie ploegtyd gehad ?

Ja, ons het agter makkaar kan klaar maak met ploë'e, mar ons kon nog ni braak ni ; ons wag op reen.

Fandag is dit 'n al te pragtige dag ; net om in te span, en jou frinde te besoek. Gaan jy fandag uit ?

Ek denk ek sal fan agtermiddag so'n bitji uitory met di frou en kinders. Dit sal hulle goed doen.

13th DIALOGUE.

What strange weather we have this winter ; it looks, indeed, like summer. Up till now we have not had much cold or rain.

Winter has but only commenced ; you must have a litte patience ; we can get enough cold and rain still.

It is already July though, and the tenth to day ; last month we had but little cold and rain ; only in May it looked like winter.

How does the grain look in your part ?

Up to now (as yet) very well ; young, but fine.

Have you sown a good deal ?

O yes, a good deal more than last year.

Have you had a good ploughing season ?

Yes, we were able to finish ploughing without interruption ; but we cannot break up fallow ground, we are waiting for rain.

A very beautiful day to-day ; just good to go out and visit your friends. Are you going out to-day ?

I think I will go for a drive this afternoon with my wife and children ; it will do them good.

Ek het oek so'n plan. Ons
kan in geselskap ry.

Ni later as half dri ni.

That is also my plan. We can
go in company.

Not later than half-past two.

14de SAMESPRAAK.

Ek hoop jy geniit jou maal
soos altyd.

Ek kan o'er myn aptyd ni kla
ni. Di is goed genoeg; ek moet
mar oppas om ni te feul te eet
ni.

Sommige mense het al te slegte
gewoontes; di een eet om te léwe,
en dit is soos dit behoort; di ander
léwe mar om te eet; en 'n derde
eet om di skottels leeg te kry.

As 'n mens genoeg het is dit
tyd om op te hou; ons behoef-
tes is ni so groot ni.

Ja, ek glo self dat matighyd 'n
grote deug is; en dat 'n mens ni
meer moet eet as hy nedig het ni
om te kan léwe en werk; mar
hulle gé toe an 'n ongereelde
eetlus, en dan moet hulle di ge-
folge te wagte wees.

Met drink is dit mar net so.
'n Mens moet matig wees; te
feul of te min is alwé ferkeerd.

As jy geweld doen an di na-
tuur dan moet jy daaronder ly.

Ferbeel jou, sommige mense
maak maag skoon net om baing
te kan eet.

Kan so 'n mens gesond bly?

Dit is onmogelik.

As di mense matig was dan sou
di dokters minder klandisi hê.

14th DIALOGUE.

I hope you enjoy your meals
always.

I cannot complain about my
appetite. It is good enough; I
only must take care not to eat
too much.

Some people have very bad
habits; the one eats to live, and
so it ought to be; the other lives
to eat; and again a third one
eats to empty the dishes.

When a man has enough it is
time to stop; our wants are not
so very great.

Yes, I believe myself that tem-
perance is a great virtue; and that
a man should not eat more than
he requires for to live and to
labour; but they give in to an
irregular appetite, and then they
have to stand the consequences.

It is just so in drinking. A
man ought to be temperate; too
much or too little are both wrong.

When you force nature you
must suffer in consequence.

Fancy, some people clean their
stomachs—as they call it—sim-
ply to be able to eat plenty.

Can such a man remain
healthy?

It is impossible.

If people were temperate the
doctors would have fewer clients

15de SAMESPRAAK.

15th DIALOGUE.

Sommige mense bid nooit; hulle is beskaamd om hulle knie'e foor God te buig; en ys by di gedagte om Jezus fer di Soon fan God te erken; en as di Lam fan God, wat di sonde fan di wêreld weggeneem het.

'n Man wat nooit bid ni, sal oek ni God dank ni.

Jy het gelyk; daar is 'n tyd in myn lêwe gewees, dat ek oek sonder God gelêwe het en Gristus ni erken het ni.

Dit was met my oek soos di Bybel sê; sonder Gristus, sonder God in di wêreld.

En is dit nou anders? En is jy nou godsdiinstig geworde?

Ni godsdiinstig alleen ni, mar ek is gelowig, na di mening fan di Woord fan God.

Ek frees di meeste mense sluit God ut hulle harte, ut hulle huise, ut hulle geskidenis, ut hulle gedagtes, mar laat ons in gedagte hou: God laat sig ni bespot ni; elke mens moet an God rekenskap gé.

Gristus is di Regter fan di lêwende en di dode.

Nimand kan God ontfug ni; iedereen moet Hem ontmoet.

Vreselike werkenkhyd fer di goddelose.

Some people never pray; they are ashamed to bow their knees before God; and shudder at the idea of acknowledging Jesus as the Son of God, and the Lamb of God, which has taken away the sins of the world.

A man who never prays, shall never give thanks to God.

You are right; there has been a period in my life when I also was without God, and did not acknowledge Jesus.

It has been with me as the Bible says; without Christ and without God in the world.

And is it different now? And have you become religious?

Not religious only, but I am a believer after the meaning of the Word of God.

I fear the majority of men exclude God from their hearts, out of their houses, out of their lives, out of their thoughts; but let us remember: God is not mocked; every man must give an account to God.

Christ is the judge of the quick (living) and of the dead.

Nobody can escape God; every one must meet Him.

Awful reality for the ungodly.



16de SAMESPRAAK.

16th DIALOGUE.

Wat hoor ek? Gaan jy meer huise bou?

Ja, ek het di nodige geld daarfoor, en soos jy self weet, di banke betaal mar 'n klyne persent; boumateriale is wel 'n bitji hoog, en di arbydsloon ni so laag ni; mar tog denk ek dat dit beter is, uit 'n finansiele oogpunt, om myn geld op di manier uit te lê as om dit in di bank te set.

Ek denk self dat jy sal 'n betere rente fir jou kapitaal kry fan jou huurders as fan di bank; mar an di andere kant weet jy dat huise somtyds leeg staan, maande lang; ek het 20 huur-huise, en ek kan altyd reken dat 'n paar daarfan leeg staan; en dan weer 'n mens het somtyds grote moeite met di huurders; jy kry ni altyd di huur-geld ni, somtyds selfs moet jy dagfaar fer di huur, ens

Al wat jy sê is waar, myn frind, mar tot nog het ek ni te feul moeite gehad ni; ek is ni sonder moeite gewees ni, mar o'er geheel het ek gen rede fan kla ni; en dit is wel di moeite werd, om 'n bitji ekstra moeite te hê as jy jaarliks, fan 60 tot 100 persent meer ontvang as wat di bank gé.

What do I hear? Are you going to build more houses?

Yes, I have the necessary money, and, as you know yourself, the banks pay only a small percent; building materials are, it is true, a little high, and wages not so low, but still I think that is better, from a financial point of view, to lay out my money in this way than to put it in the bank.

I myself think, that you will get a better interest (return) for your capital from your tenants than from the bank; but on the other hand, you know that houses sometimes stand empty for months; I have 20 hire-houses, and I can always be sure that a couple of them are empty; and besides this, a man has sometimes great trouble with the tenants; you do not always get the house rents, sometimes even you have to summon for the money, etc.

All you say is true, my friend, but hitherto I have not had too much trouble; I have not been without it, but on the whole I have no reason to complain; and it is worth while to have a little extra trouble when you receive yearly from 60 to 100 percent more than from a bank.

17de SAMESPRAAK.

17th DIALOGUE.

Kan jy skrywe?

Ja!

Wil jy asseblief jou naam teken?

Ek weet ni; sê eers waarfoor is dit?

Ek wil jou as getui'e laat teken op myn testament.

Can you write?

Yes!

Will you please sign your name?

I don't know. Say first what is it for?

I wish you to sign my will (testament) as a witness.

Ek alleen? jy moet mos twee getuë hê.

Ek weet; ek het myn buurman A. ook gefraeg; hy sal net nou hier wees. Daar kom hy ook al.

Julle moet, asseblief, op twee plekke teken. Elke blad moet geteken wees, anders gooi di Meester dit uit.

'n Dokument ni behoorlik geteken ni, het geen waarde ni.

Jy het reg; ek weet dat di Meester di testament van Mr. S. afgekeur het.

Om watter rede?

Omdat dit ni behoorlik geteken was ni.

Dit was 'n dokument geskrywe op twee halwe felle en was maar eenmaal geteken.

Nou het ek ook 'n versoek.

Wat is dit?

Wil jy nou fir my dese prokurasie as getuë teken?

Met alle plesier! ons moet mekaar help.

I alone? You must have two witnesses.

I know; I have also asked my neighbour A; he will be here just now. There he is coming already.

You must, please, sign in two places; every sheet must be signed, otherwise the Master will throw it out.

A document not properly signed has no value.

You are right; I know that the Master has disapproved of the testament of Mr. S.

For what reason?

Because it was not properly signed.


It was a document written on two half sheets, but was only signed once.

Now I have also a request.

What is it?

Will you sign this power of attorney as a witness?

With pleasure; we must help one another.



18de SAMESPRAAK.

Benjamin, het jy di skape getel?

Ja, meneer, mar di getal kom ni uit ni.

Wat makeer; is daar o'er?

Né, daar kom kort.

Hoefel?

Twaalf!

Hoe is dit molik; gister was di getal korrek.

Ek weet ni, meneer, mar daar kom twaalf kort.

18th DIALOGUE

Benjamin, have you counted the sheep?

Yes, sir, but the number is not correct.

How then, are there too many?

No, there are some wanting.

How many?

Twelve.

How is it possible? Yesterday the number was correct.

I don't know sir, but there are 12 short.

Roep di wagter.

Waar is di twaalf skape wat jy weggegooi het?

Ek weet ni, baas; mar het Seur Benjamin dau ni mis skiin ferkeerd getel ni?

Nonsens! Denk jy dat ons ni kan skape tel ni; watter skape is weg?

Baas, Seur Benjamin sê dis di skape wat di baas fergange week gekoop het.

Di hamels?

Ja, baas!

Jou niksnuts, kan jy ni beter oppas ni?

Benjamin! sit outa Isak agter di skape, en gé fir hom fir ou Wigman; hy moet loop en fir hulle uitfinde.

Jy sorg dat di skape uitkom; loop, en jy kom ni sonder di skape terug ni.

(Tiin uur in di foormiddag.)

Ek het di 12 skape gekry baas!

Het jy hulle by di trop gebring?

Ja, baas!

Call the herd.

Where are the 12 sheep which you have thrown away (lost)?

I don't know, master; but has not Master Benjamin counted them wrongly?

Nonsense! Do you think that we can't count sheep? Which sheep are missing?

Master, Master Benjamin says they are the sheep which master bought last week.

The wethers?

Yes, master!

You good-for-nothing, can you not take better care?

Benjamin, let the old boy Isaac mind the sheep, and give to him old Wigman; he must go and hunt them up.

You take care to get them back; go, and don't come back without the sheep.

(Ten o'clock in the forenoon.)

I have got the 12 sheep, master!

Have you brought them to the flock (herd)?

Yes, master!

19de SAMESPRAAK.

19th DIALOGUE.

Goeie morre, Mnr. D. Ek siin in di *Dagblad* dat ju'le mooie boeke het om te ferkoop. Ek het 'n stuk of wat nodig. Jy sal seker bly wees om te ferkoop.

Dit kan jy glo; hoe meer hoe liwer; al was dit oek fir honderd pond. Watter boeke wil jy (u) hê?

Good morning Mr. D. I see in the *Dagblad* that you have nice books for sale. I want a few. No doubt you will be glad to sell.

Be sure of that; the more the better, be it even for a hundred pounds. Which books do you want?

Ek siin julle adferteer : "De Geschiedenis der Emigranten Boeren en van den Vryheidsoorlog." Dit kos 2s. 6d.; het ek reg? Gé my één.

Heeltemaal reg. Hiir is dit; 'n mooie boek en goedkoop oek: wat meer?

Het ek ni gesiin dat julle 14 boeke fir 10 silings ferkoop ni? Ek denk Ds. du Toit syn boek "Bybellanden deurreisd" is daar by, en "Alweer op Reis," ek sal di oek neem; het julle nog "Di Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging?" Gé fer my twe daarfán.

Met alle plesiiir. Nog iits?

Ek het nog iits in di *Patriot* gesiin: "Tiin boeke fir één pond sterling." Ek wil di oek hê. Mar nou is dit fereers genoer. Maak myn rekening uit; hoeful is dit?

Di héle rekening is £1 21s. 6d.

Hiir is jou geld. Stuur di pakki na myn huis toe, assebliif.

Hartelik dank; ek sal dit dadelik stuur. Hiir is jou (uw) kwitantisi.

I see you advertise: "De Geschiedenis der Emigranten Boeren en van den Vryheidsoorlog." The price is 2s. and 6d.; am I right? Give me one.

Quite right. Here you are: a nice book, and cheap too; what more?

Have I not seen that you sell 14 books for 10 shillings? I fancy Rev. du Toit's book: "Bybellanden doorreis" and "Alweer op Reis" are among them. I will take them too. Have you still "Di Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging?" Let me have two of them.

With all pleasure. Anything else?

I have seen something else in *Patriot*: ten books for one pound sterling. I want them also. Enough for the present. Please make out my account; how much is it?

The whole account is £1 12s. 6d.

Here is your money. Please send the parcel to my house.

Thank you very much. I will send it at once. Here is your receipt.

20ste SAMESPRAAK.

20th DIALOGUE.

Kom, ons gaan agtermiddag 'n bitji uitry.

Dit is so'n fraaie dag, 'n mens kan amper ni tuis bly ni; bowe diin ek het an 'n frind fan my belowe om fir hom te kom siin, so gou as ek kan tyd kry; ek kan nou 'n paar ure spaar; gaan jy saam?

Come, we go for a ride this afternoon.

It is such a fine day, one can scarcely remain at home; moreover I promised a friend of mine to come and see him as soon as I can find time. I can now spare a couple of hours. Are you going with me?

Ek gé ni om ni ; ek kan dit oek skik ; het jy 'n pèrd fir my ? Ek het 'n pèrd soos jy weet, mar hy loop in di feld ; en hoe kry ek hom so gou in di hande ?

'n Pèrd kan ek fir j u laat kry ; mar hiir is nou mar één saal ; is jou saal by di huis ?

Ja ; as ek mar 'n pèrd fan jou kan kry, dan is alles reg. Watter één gaan jy fir my gé ?

Jy kan mitkiis, jy kan di skim-mel kry : hy het 'n makkelike gang.

En watter een sal jy kon neem ?

Ek neem di grote bruine.

Na watter friend gaan ons ?

Jy kan fir hom. Hy woon di kant.

O, ons gaan na Aadries toe ?

Het jy daar iets op teen ?

In di minste ni ; ek is selfs bly.

Hoe laat sal ons afsit ?

Ni later as kwart o'er twe ni.

Nou ja, dis goed. Gaan jy laat terug kom ?

Ek moet fanaand om 7 uur tuis wees.

No objection ; I can make it convenient ; have you a horse for me ? I have a horse, as you know, but he runs in the field ; and how will I get him so soon in hand ?

I can let you have a horse, but here is only one saddle ; is your saddle at the house ?

Yes ; if I only can get a horse from you, then everything is right. Which one are you going to give me ?

You can make your choice ; you can get the grey one ; he is an easy horse.

And which one will you take ?

I take the tall chestnut.

To which friend do we go ?

You know him. He lives that side.

O, we go to Andrew ?

Have you any objection ?

Not in the least ; I am rather glad.

How late shall we start ?

Not later than a quarter past two.

Now well, that's good. Will you come back late ?

I must be home this evening by 7 o'clock.

21ste SAMESPRAAK.

21st DIALOGUE

Né, dit sal ni gaan ni ; ek kan dit amolik ni doen ni.

Waarom ni ? Het ek te feul gefraag ?

Mar seker ; één maand is o'er lank genoeg ; en jy fraag twe maande ; hoe moet ons hiir angaan in al di tyd ? Moet alles stil staan,

No, that will never do ; impossible, I cannot do it.

